


NOORD
Nuus

2018
wellington-noord
Geloofsgemeenskap



29
April 2018



paasfees



Welkom by vandag se erediens!

Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid

VANDAG SE PROGRAM

	Predikant Johan Crous	Orrelis Johann Enslin
09:30	Erediens (Uitnaweek)	
	Dienswerkers: Geen as gevolg van uitnaweek	
	DEUROFFER: Bibles for believers	
10:45	Geen Kategese	
19:00	Leefkerk: Moederkerk	

Our prayers may be awkward. Our attempts may be feeble. But since the power of prayer is in the One who hears it and not in the one who says it, our prayers do make a difference.

- Max Lucado

Ons dink en bid spesiaal aan die volgende persone...

Ons dink in ons voorbidding aan Carel Basson (kanker), Elize Henn (operasie), Patrie Jordaan (kanker), Oom Hendrik Blom (kanker), Albertus Buckle (Hartomleiding operasie), Annette Jonker (kanker) en Liezel Jansen van Vuuren (kanker).

Gedenkpilare

Ons beplan om eersdaags met die oprigting van gedenkpilare te begin. Die instandhouding word deur die gemeente waargeneem, en die administrasie word deur die Kerkkantoor hanteer. Kopers maak 'n keuse uit beskikbare nisse, waarna 'n bewaringsooreenkoms by die Kerkkantoor geteken word. Die graving word deur die koper gereël, en is nie by die prys ingesluit nie. Skakel die Kerkkantoor gerus indien u meer inligting verlang, of solank u naam wil opsit vir die koop van 'n nis.



April Insameling

Hierdie is 'n spesiale Na-oes Insameling vanaf ons boere in die distrik. Ons het R150 000 daarvoor begroot. Baie Dankie vir R52 000 wat reeds ontvang is.

CBMC

CBMC is 'n netwerk van bedieningspanne wat daaraan toegewy is om elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus te bring - geteiken na die sake- en beroepsmense van ons gemeenskap.

HAPPY BIRTHDAY

Elsabe de Villiers (29) – Mary Marais (29) – Marli Visagie (29) – Cahill Evan (30) – Glaudia Grundlingh (30) – Johan Bothma (2) – MC Barnard (2) – Abri Pool (2) – Schalk Burger (3) – Christiaan van Vuuren (3) – Pierre-Jeanne Gerber (4) – Minke Selzer (4) – Carel Opperman (5) – Pierre Malan (5) – Nicky Simon (5)

Kospakkies / Alimentasie



Baie dankie vir ruim bydraes wat ons reeds ontvang sodat ons weer ander in nood kan help. Alle bydraes is altyd welkom!

Moslem Toerustingaand

8 Mei 2018 om 18:30

Klein saaltjie Paarl-Vallei

Johnnetta Moushine en haar man, sendelinge vir OM, wat werk onder Moslem immigrante in België

Kontak: Lona Liebenberg 021 871 1528



CBMC South Africa

Christian Businessmen's Connection

Tel: +27 (0) 21 870 1850

Preek: 22 April

**Die Here is my Herder
Psalm 23**

Hierdie Psalm word baie by begrafnisse gelees. Mense assosieer Ps 23 met troos in tye van smart. Ps 23 is egter 'n Psalm van lewe – wie is ons en wie is God? In hierdie Psalm is ons een oomblik in die veld en die volgende oomblik in 'n paleis. Julle is eregaste wat kan aansit by 'n feesmaal. Dit sê die Here, my Herder en Gasheer – Hy verwelkom jou. Hy laat my beker oorloop. Daar is verskillende seisoene in jou lewe.

Is dit nie die Here wat ons beker laat oorloop in goeie en slegte tye nie? Dalk gee die Here iemand wat jou help om slegte omstandighede te oorkom. As iemand jou ondersteun in 'n krisis loop jou beker dalk oor. Die Here sê Hy het nie van jou vergeet nie. Hy laat jou beker oorloop. Die Here is jou Gasheer in tye wat dit sleg gaan, want in daardie tye het die Here vir jou Liefde en Krag gegee d.m.v. ander mense.

Ons dien 'n God wie se hande en hart oop is – “kom na my toe, Ek wil vir jou rus gee”. Hy gee...en gee... en gee.

Wat maak ons met hierdie beker wat oorloop? Het ons waardering daarvoor – inspireer dit vir ons? Wat maak ons met voorspoed wat die Here vir ons gee? Ons Herder ken al ons paaie. Mense gaan dit beleef van God waarin jy dit vir hulle blootstel.

Dawid praat uit sy hart uit in hierdie praktiese / doen Psalm. In elke seisoen van jou lewe is die Here by jou. Wil jy nie jou vanoggend oorgee aan die Here nie – Hy wil ons lei na waters waar daar rus is. Die goedheid en guns van die Here sal by ons wees tot in lengte van dae.



NGK Wellington-Noord

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655

Tel/Faks: 021 873 2763 | Pastorie: 021 873 2765

Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019

Like www.facebook.com/wellingtonnoord



GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD: www.wellingtonnoord.co.za of
ons **FACEBOOK-BLAD:** www.facebook.com/wellingtonnoord

*Grease by
Hugenote*

As "Grease" die woord is wat jou aan die ruk en rol kry, moet jy vanaf 8-11 Mei 2018 by Hugenote Hoërskool 'n draai maak waar hierdie gewilde musiekblyspel op die planke sal wees. Hugenote Hoërskool se talentvolle span akteurs en sangers span saam om hierdie bekende storie en onvergeetlike musiek van die "Pink Ladies" en die "Burger Palace Boys" aan te bied.

Kaartjies vir Grease is te koop teen R80 vir kinders en R100 vir volwassenes by Hugenote Hoërskool. 11 Mei is die Gala-aand. Kaartjies vir die saal kos R200 per persoon en sluit 'n ete in. Galery-kaartjies is steeds teen normale pryse te koop vir die aand.

Vir enige navrae, kontak 021-873-2111 of
jenslin@hugenoteskool.co.za



E-pos adresse:

Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za

Johann Crous: crousjm@telkomsa.net

Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za

Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za

Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za

Word stil by God ...

Teken nou in op **LiG** of hernu jou intekening en ontvang *5 minute saam met God* as 'n geskenk.



Jou intekening maak 'n verskil!

'n Gedeelte van jou intekengeld gaan aan die **LiG**-fonds vir vroeë kinderontwikkeling.

VIR JOU EN JOU MENSE
LiG

Teken so in vir die tydskrif:

- **AANLYN**
Teken in aanlyn en betaal per kredietkaart.
- **PER E-POS**
Kontak vir Jeanne van Niekerk by jeanne@tydskrifte.co.za
- **PER FAKS**
Laai die intekenvorm hier af, voltooi en faks dit na 021 864 8252
- **TELEFONIES**
Skakel vir Jeanne van Niekerk by 021 864 8252.
- **E-LIG**
LiG bied ook 'n digitale/elektroniese weergawe aan beskikbaar by MySubs

Gebedsgids vir Bybelwerk – 29 April – 5 Mei 2018

Noord-Korea: Weens politieke en ekonomiese beperkinge het die mense van hierdie land nie toegang tot die Bybel nie. Bid asseblief dat Noord-Korea vir die Woord van God sal oopgaan en dat die Kerk daar sal herleef.

Suid-Korea: Sedert 2012 word daar aan 'n nuwe Koreaanse Bybelvertalingsprojek gewerk. Bid dat hierdie vertaling uiteindelik in eredienste, vir onderrig en vir mense se private Bybellees aanvaar sal word. Bid vir die vordering van die projek sodat die volgende geslag Bybellesers die Woord van God beter sal kan verstaan.

Japan: Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om die verskillende geslagte, veral jongmense en kinders, aan te moedig om die Bybel met begrip te lees. Dit is ons gebed dat die Bybel werklik 'n impak op die lewens van Japannese sal hê. Bid vir ons Raad en personeel.

Spitbraai & Duifveiling

in samewerking met Wellington Duiweklub

Nelsons Creek

25 Mei 2018 - 18:30 vir 19:00

R 200 pp - Semi-Formeel

Te koop by Kerkkantoor

Kontantkroeg beskikbaar

Almal welkom!

wellington-noord
Geloofsgemeenskap

